21 Februarie 2021

FAMILIE TUISBLAD

Genesis 9:8-17

Eerste Sondag in Lydenstyd (God hou ons vas)

God hou ons vas in Lydenstyd. Jy het dalk in Sondag se preek gehoor dat ons nou Lydenstyd vier. Lydenstyd is 46 dae lank, maar ons tel nie die Sondae by nie. So dit is eintlik net 40 dae lank.

Die getal 40 is nogal belangrik in die Bybel en vir gelowiges. Die getal 40 word 146 keer in die Bybel genoem. Dis uit die Bybel duidelik dat God 40 dae as 'n belangrike geestelike tydperk beskou. Wanneer God iemand bv. vir sy doelwitte wou voorberei, het Hy dit oor 40 dae laat strek.

Hier is enkele voorbeelde: Noag, Moses vlug na die woestyn (40 jaar), Moses op Berg Sinai, die verkenners in die beloofde land, die volk in die woestyn (40 jaar), Goliat spot die Israeliete (Dawid), Elia vlug van Isébel, die stad Ninevé se waarskuwing (Jona), Jesus in die woestyn en Jesus se opstanding tot en met Sy hemelvaart.

Is dit nie amazing nie! Ons is nou in 'n 40 dae tydperk waarin God ook iets spesiaals vir ons kan doen en ons kan verander. In Lydenstyd dink ons aan Jesus se lyding, maar dit is nie 'n hartseer tyd nie. Dit is juis 'n tyd waarin ons kan weet dat Hy naby ons is, ons help om te groei in geloof en ons kan vashou aan God se beloftes vir ons.

Lees: Genesis 9:8-17 (veral vers 14-16 of lees die verhaal van Noag in 'n Kinderbybel)

Gesels:

1. Watter belofte (verbond) en simbool gee God aan die einde van die 40 dae reën vir Noag? Wat beteken dit vir ons vandag?
2. Watter van die voorbeelde van 40 dae stories ken jy goed? En watter nie?
3. Hoe kan julle mekaar vir 40 dae (in Lydenstyd) elke dag herinner dat God by julle is?

Bid: Dankie Here, dat U in hierdie tyd naby aan ons is. Amen

Doen: Maak vir julle 'n lydenstyd uitstalling in die huis met 'n kruis, 'n paar dorings of spykers en 'n pers of rooi lap.

Reis hierdie week verder saam met hierdie tema oor Lydenstyd en die verhaal van Noag deur te luister na die **DinkJeug Familie App** se oordenkings. Daar is daagliks, Maandag tot Vrydag, 'n 5 min podcast waarna gesinne kan luister met 'n storie, teks, gespreksvrae, gebedswenk en doen idees.

Laai die app hier af:
Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za

Vir ’n KIX kinderontmoeting oor Noag se ark:
https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2015/05/Ontmoeting-4-God-is-lief-vir-Noag.pdf
Vir ’n KIX kinderontmoeting oor die belofte aan Noag:
https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2015/05/Ontmoeting-5-God-se-spesiale-belofte.pdf

Vir meer agtergrond oor Lydenstyd: https://dinkjeug.co.za/meer-oor-lydenstyd/
Vir nog doen idees vir gesinne in Lydenstyd: https://dinkjeug.co.za/doen-idees-vir-lydenstyd-en-goeie-vrydag/

Om die kerkjaar kalender af te laai: https://dinkjeug.co.za/kerkjaar-kalender/